Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

## SEPTEMBER 2012

# AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

**PUNTE:** **120**

**TYD:** **2 uur**

*AFRSA1*

Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | | |
|---|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | VRAAG 1 | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | VRAAG 2 | (10) |
| AFDELING C: | Taal | VRAAG 3 – 6 | (60) |
| AFDELING D: | Letterkunde | VRAAG 7 – 8 | (20) |

2. Lees ALLE instruksies versigtig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ŉ reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

## TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die tydskrifartikel hieronder en beantwoord die vrae.

### SKIETDRAMA VOOR LAERSKOOL

*Leerders in kruisvuur*

**1.** Haar hande het skielik warm gevoel en toe sy afkyk, sien sy bloed. Tebogo Lesejane (10) het op daardie oomblik besef sy is raakgeskiet.

**2.** Sy en ŉ sewejarige meisie is gisteroggend omstreeks 11:00 voor Laerskool Roseneath in Parktown, Johannesburg, deur koeëls getref toe ŉ skietgeveg tussen die polisie en transito-rowers uitgebreek het.

**3.** Tebogo is in albei hande getref en die jonger meisie in die skouer. Haar naam is teen gisteraand nog nie bekend gemaak nie. Tebogo het gistermiddag vertel sy het buite die skool gesien van die leerlinge begin weghardloop. Die leerlinge was buite die skoolterrein omdat die vakansie pas aangebreek het.

**4.** "Ek het gewonder hoekom hulle weghardloop. Toe hoor ek skote en voel my hande is baie warm." Haar vriendin, Pretty Ndlovu, het haar na die skoolkantoor geneem.

**5.** Mnr. Gilbert Ford, wat herstelwerk by die skool doen en die skoolbussie bestuur, het met die twee meisies na die Charlotte Maxeke-hospitaal gejaag. "Ek was geskok. Daar was so baie bloed," het hy gesê.

**6.** Kolonel Ndou, polisiewoordvoerder, het gesê die skietgeveg het losgebars, nadat polisiemanne wat die gebied in burgerlike drag gepatrolleer het, drie mans in ŉ silwer Volkswagen Jetta gesien het wat ŉ transito-rooftog probeer pleeg het.

**7.** Die misdadigers het ŉ sekuriteitswag van Rosebank af gevolg wat vroeër die oggend R100 000 by ŉ bank opgelaai het. Hulle het hom voor die laerskool voorgekeer. Toe die polisie ingryp, het ŉ bendelid uitgeklim en ŉ vuurwapen op ŉ polisieman gerig. "Hy het die sneller twee keer getrek, maar dit het nie afgegaan nie," volgens Ndou.

**8.** Dit het tot ŉ oor-en-weer-skietery gelei. Ndou het gesê hulle weet nie of die meisies deur die polisie of die misdadigers se koeëls getref is nie. Een van die misdadigers is in die skietery getref. Al drie het gevlug. Die polisie het die gewonde rower later in die Alexander-kliniek vasgetrek en die ander twee word nog gesoek.

**9.** Mev. Damara Lesejane het gesê hulle dogter was duiselig toe hulle by die hospitaal kom. "Sy het hard geskree en het duidelik baie pyn verduur." Die dokters het haar pynstillers gegee. Haar ma het verder vertel ŉ koeël het reg deur haar linkerhand getrek. Sy is gisteraand geopereer om ŉ tweede koeël, wat in haar regterhand vasgesit het te verwyder.

**10.** Mnr. Lungi Mvumvu, hospitaalwoordvoerder, het gesê die ander meisie is in ŉ stabiele toestand.

[Verwerk uit: *Die Burger*, 25 Junie 2011]

SIGNING OFF 14 JUNE 2012

**VRAE**

1.1 Hoe het Tebogo eers geweet dat daar iets fout met haar hand was? (1)

1.2 Tebogo is op die skool se speelgrond raakgeskiet.

1.2.1 Is die bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR? (1)

1.2.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.2.1 deur EEN woord aan te haal. (1)

1.3 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE antwoord te kies. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Tebogo is geskiet toe die rowers …

A sy en haar vriendin wou beroof het.
B ŉ onderwyser wou beroof.
C ŉ winkel wou beroof.
D ŉ vervoerwa met geld wou beroof. (1)

1.4 Wat is heel waarskynlik die rede waarom die ander meisie se naam nie bekend-gemaak is nie? (1)

1.5 Om watter rede was die leerlinge so vroeg buite die skoolterrein (par. 3)? (1)

1.6 Wie het Tebogo na die skoolkantoor gehelp? (1)

1.7 Noem TWEE werkies wat Graham Ford by die skool doen. (2)

1.8 Waarom was mnr. Ford so geskok? (1)

1.9 1.9.1 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?

Die misdadigers het op die polisiemanne geskiet omdat hulle polisie-uniforms gedra het. (1)

1.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.9.1 deur TWEE OPEENVOLGENDE woorde uit par. 6 aan te haal. (1)

1.10 Waarom het die misdadigers die sekuriteitswag gevolg (par. 7)? (1)

1.11 Om watter rede kan ons sê die polisieman (par. 7) doodgelukkig was? (1)

1.12 Haal EEN woord aan (par. 8) wat sê dat daar baie skote afgeskiet is. (1)

1.13 1.13.1 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?

Die polisie het later al drie van die misdadigers in hegtenis geneem. (1)

1.13.2 Haal VIER AGTEREENVOLGENDE woorde uit par. 8 aan om jou antwoord op VRAAG 1.13.1 te motiveer. (1)

1.14 Hoekom het Tebogo duiselig by die hospitaal gevoel? (1)

1.15 Tebogo was twee keer geskiet, maar die dokters het geopereer om net een koeël te verwyder (par. 9). Waarom? (1)

1.16 Dink jy dat dit 'n goeie idee was dat die Minister van Polisie toestemming aan polisiemanne gegee het om misdadigers te skiet? Motiveer jou antwoord. (1)

1.17 Die ander meisie se lewe is in groot gevaar.

1.17.1 Is die bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR? (1)

1.17.2 Haal TWEE woorde uit die laaste paragraaf aan om jou antwoord in VRAAG 1.17.1 te motiveer. (1)

SIGNING OFF 14 JUNE 2012

## TEKS B: ADVERTENSIE

Lees die advertensie hieronder en beantwoord die vrae.




[Verwerk uit: *Die Burger*, 9 April 2012]

**VRAE:**

1.18 Hoekom is die woord “wen” in grootletters geskryf? (1)

1.19 Wie kan aan hierdie kompetisie deelneem? (1)

1.20 Noem EEN publikasie waar jy die inskryfvorm kan kry. (1)

1.21 1.21.1 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?

Net een van die wenners sal klere vir die groot aand kry. (1)

1.22.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.19.1 deur DRIE OPEENVOLGENDE woorde aan te haal. (1)

1.22 Haal EEN woord aan wat aandui dat die klere uniek sal wees. (1)

1.23 Haal die sin aan wat sê dat almal die besluite van die organiseerders moet aanvaar. (1)

1.24 Die adverteerder sê: “Maak jou drome waar.” Wanneer sal ’n deelnemer se drome waar word? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

SIGNING OFF 14 JUNE 2012

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2: HOE OM ELEKTRISITEIT TE SPAAR

- Som die maniere hoe ons elektrisiteit kan spaar in SEWE VOLSINNE op.
- Die opsomming moet ongeveer 60 woorde wees.
- Die opsomming moet puntsgewys (1 – 7) opgesom word.
- Skryf die getal woorde onder aan die opsomming neer.

### HOE OM ELEKTRISITEIT TE SPAAR REG DEUR DIE DAG

**1.** Met meer as nege miljoen huise wat elektrisiteit verbruik, moet Suid-Afrikaners soveel elektrisiteit as moontlik spaar. Die versigtige verbruik van hierdie waardevolle bron kan baie help om die lading op die elektrisiteit netwerk te verlig. Onthou om die volgende in gedagte te hou as jy elektrisiteit wil bespaar.

**2.** Deur ŉ stortbad te neem, gebruik jy minder water en sodoende minder elektrisiteit. Jy moet daarom elke oggend baie gou stort. Só help jy ook om die las van die oggend spitstye te verlig.

**3.** Deur te veel water te kook, gebruik ons onnodig te veel elektrisiteit. Onthou om net die regte hoeveelheid water vir daardie koffie of tee te kook. As jy onseker oor die hoeveelheid water is, sal dit help om die hoeveelheid water wat jy wil gebruik met ŉ koppie te meet.

**4.** As jy die aandete uit die vrieskas uithaal en dit in die yskas laat ontdooi, hoef jy dan nie later die mikrogolfoond vir ontvriesing te gebruik nie. As almal in Suid-Afrika dit doen, sal ons definitief ŉ groot hoeveelheid elektrisiteit bespaar.

**5.** Een van die wêreld se grootste verkwisters van elektrisiteit is die selfoonherlaaier. Baie gebruikers van selfone weet nie dat die herlaaier steeds krag trek, al is die selfoon nie ingeprop nie. Jy moet jou selfoonherlaaier ontprop nadat jou selfoon vol herlaai is.

**6.** Wanneer jy kook, maak gebruik van deksels en kook slim soos om seker te maak dat jy die stoof afskakel net voor die kos gekook is. Sodoende mors jy nie onnodig elektrisiteit nie. ŉ Mens moet seker maak dat die pot of pan se boom die stoofplaat heeltemal bedek. As jy ŉ klein pot of pan op ŉ groot plaat gebruik dan mors jy elektrisiteit.

**7.** Het jy geweet dat die mikrogolfoond die mees doeltreffende toerusting is om te kook? Dit gebruik minder elektrisiteit as ŉ stoof en jy kan ook baie dinge in ŉ mikrogolfoond kook. Kook daarom in ŉ mikrogolfoond wanneer jy kan.

**8.** Verwarmers is een van die toerustings wat baie elektrisiteit gebruik. Skakel verwarmers slegs aan in kamers waarin jy gaan wees.

**9.** In elke huis gebruik die geiser meer as vyftig persent van die elektrisiteit. Jy kan saans lekker warm bad selfs wanneer die geiser bedags afgeskakel word. Jy moet daarom onthou om jou geiser aan te skakel voordat jy gaan slaap en weer soggens af te skakel.


[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 21 Augustus, 2011]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3: WOORDSTRUKTURE

Lees die strokiesprent hieronder en beantwoord die vrae.




[Spotprent uit: *Die Burger*, 29 Julie 2010]

- Skryf net die vraagnommer en die KORREKTE antwoord neer.
- Al die antwoorde in hierdie vraag moet korrek gespel word.

3.1 Gee die korrekte VERKLEININGSVORM van die woord tussen hakies.

Garfield is ŉ oulike (kat). (1)

3.2 Gee die VROULIKE VORM van die woorde tussen hakies.

John se (buurman) bak gereeld koek vir al die mense in die buurt. (1)

3.3 Gee die korrekte TRAP VAN VERGELYKING van die woord tussen hakies.

Garfield se mond is (groot) as John s’n. (1)

3.4 Vorm die korrekte SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Dit is vandag John se (verjaar + dag). (1)

3.5 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD uit die woorde tussen hakies.

Johan het dadelik (hom/haar/sy) vrou oor hierdie insident vertel. (1)

3.6 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Die (smaaklik) koek is deur Garfield opgevreet. (1)

3.7 Gee EEN WOORD vir die woord tussen hakies.

(Elke jaar) gaan die kat na die veearts om sy inspuitings te kry. (1)

3.8 Kies die korrekte VOORSETSEL uit die woorde tussen hakies.

John was kwaad (met/op/vir) sy kat. (1)

3.9 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Dit is die (eers) keer dat Garfield so iets gedoen het. (1)

3.10 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Garfield se (oog) is wyd oop. (1)

3.11 Kies die korrekte AFKORTING tussen hakies.

(Mej./Mev./Mv.) Smit gaan nog ŉ koek vir John bak. (1)

3.12 Kies die KORREKTE woord om die onderstaande sin te voltooi.

Garfield was so honger soos ŉ …

A hond.
B kat.
C wolf.
D leeu. (1)

3.13 Gee ŉ SINONIEM (woord met min of meer dieselfde betekenis) vir die woord tussen hakies.

Die koek was (smaaklik). (1)

3.14 Gee ŉ ANTONIEM (woord met die teenoorgestelde betekenis) vir die woord tussen hakies.

Garfield is ŉ (gesonde) kat. (1)

3.15 Kies die korrekte TUSSENWERPSEL tussen hakies.

(Hoera!/Sjoe!/Eina!), dis ŉ groot dag vir Johan. (1)

3.16 Gee die korrekte INTENSIEWE VORM vir die woord tussen hakies.

Die arme kat het (stil) gestaan. (1)

3.17 Kies die korrekte SPELLING van die woord tussen hakies.

John het (onmidellik/onmiddellik) sy vrou gebel. (1)

3.18 Kies die KORREKTE woord tussen hakies.

Hierdie insident het vroeg om (negeuur/nege uur/nege-uur) plaasgevind. (1)

3.19 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.


John en sy vrou hou baie van (honde, katte en kanaries). (1)

3.20 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Die tafel (op wat) Garfield sit, is peperduur. (1)
**[20]**

**VRAAG 4: SINSTRUKTURE**

Kyk na die strokiesprent hieronder en beantwoord die vrae.




[Uit: *Google Images*]

4.1 Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Dit was 'n moeilike toets.
Begin so: Dit … (2)

4.2 Skryf die sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.

Neelsie het met sy vriend gepraat.
Begin so: Neelsie … (1)

4.3 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Neelsie en Hansie loop met hulle hande in hul sakke.
Begin so: Neelsie en Hansie … (2)

4.4 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies.

Die seun is teleurgesteld. Hy het swak in die toets gevaar. (omdat) (1)

SIGNING OFF JUNE 2012

4.5 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.

Neelsie het 'n wiskunde toets geskryf.
Begin so: 'n Wiskunde toets … (2)

4.6 Voltooi die INFINITIEF. Skryf die hele sin oor.

Hy vra vir die onderwyser … hom … help. (1)

4.7 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Hansie wil iets vir Neelsie vra.
Begin so: Hansie wil … (2)

4.8 Kies die korrekte VRAAGWOORD uit die raampie sodat die onderstreepte deel van die sin die antwoord is. Skryf die hele sin oor.

| Wie; Wat; Waar; Met wie |
|---|

Neelsie-hulle loop <u>op die speelterrein</u>.
Begin so: … loop Neelsie-hulle? (1)

4.9 Kies die KORREKTE INFINITIEF. Skryf die hele sin uit.

Hy behoort sy werk (te/om te) leer. (1)

4.10 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Pa sê vir Neelsie: "Jy moet harder werk."
Begin so: Pa sê vir Neelsie dat … (2)

4.11 Rangskik die woorde tussen hakies in die korrekte volgorde. Skryf die hele sin oor.

Neelsie werk (by die huis) (elke dag) (baie hard). (1)

4.12 Beantwoord die sin in die ONTKENNENDE VORM.

Daar is iemand wat hom wil help.
Begin so: Nee, daar is … (2)

4.13 Skryf die sin oor. Begin met die onderstreepte woord.

Pa help vir Neelsie <u>elke dag</u>. (1)

4.14 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies.

Neelsie is doodbly. Hy kry beter punte. (want) (1)

4.15 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Die leerder moet die volgende toets slaag.
Begin so: Die leerder … (1)

4.16 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.

Pa sal ŉ studiegids koop.
Begin so: ŉ Studiegids … (2)

4.17 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Pa vra vir sy seun: "Doen jy goed op skool?''
Begin so: Pa vra vir sy seun of … (2)

**[25]**

## VRAAG 5: REDIGERING

Jou vriend het ŉ artikel oor een van julle skool se leerders se prestasie in die KTV-markdag vir julle skoolkoerant geskryf. Hy het vir jou gevra om die artikel deur te lees en die foute wat onderstreep is, reg te maak.

**MARKDAG IS PRETDAG**

Sy het haar eie mosterd begin maak, want die keuse in die winkels te klein vir haar was. Nou is die negejarige Helène Leonard as KTV-markdag se antrepreneur vir 2011 gekies.

Nie net het haar tuisgemaakte mosterd, *Mmmosterd!* die beoordelaars op die Johannesburgse KTV-markdag beïndruk nie, haar sakeplan en verkoopstrategie was ook indrukwekkend.

Helène koop klein glasbotteltjies by ma's in haar omgewing teen 50**c** elk. Al die bestanddele vir haar unieke mosterdresep koop sy by die plaaslike supermark en sy betaal haar ouers vir die gebruik van elektrisiteit.

Helène maak elke maand ŉ wins van R2 150 uit 65 botteltjies *Mmmosterd!* En sy verkoop elke maand elke bottle uit.

Elke kliënt kry haar sake + kaartjie en sy gaan ook in die skool se nuusbrief adverteer. Sy hope om eendag haar eie fabriek te hê en *Mmmosterd!* aan alle supermarkte te verkoop.

Sy is nou die trotse eienaar van ŉ nuwe skootrekenaar. Sy het ook R50 000 van standard bank vir haar verdere skoolopleiding ontvang.

"Die gehalte en kreatiwiteit van vanjaar se leerders was uitstekend. Ek is seker baie van die KTV-markdag-deelnemers kan sy idees gebruik om baie geld te maak en hulle eie kleinsakebedryf begin soos wat Helène gedoen het," sê mev. Smit KTV se hoofbestuurder.

Wel gedaan, Helène. Ek ken Hoërskool Kroonstad is trots op jou!!!

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 11 Oktober 2011]

SIGNING OFF 14 JUNE 2012

5.1 Skryf die onderstreepte gedeelte in reël 1 oor en verbeter die woordorde. (1)

5.2 Verbeter die spelling van die onderstreepte woord in reël 2. (1)

5.3 Gee die korrekte voorsetsel van die onderstreepte woord in reël 4. (1)

5.4 Skryf die afkorting (50**c**) in reël 7 voluit. (1)

5.5 Vorm 'n samestelling van die onderstreepte woorde in reël 12. (1)

5.6 Verbeter die spelling van die onderstreepte woord in reël 13. (1)

5.7 Vul die ontbrekende hoofletters in reëls 15/16. (1)

5.8 Gee die korrekte voornaamwoord van die onderstreepte woord in reël 18. (1)

5.9 Skryf die onderstreepte gedeelte in reël 19 oor en vul die ontbrekende leesteken in. (1)

5.10 Skryf die korrekte woord van die onderstreepte woord in reël 21. (1)
**[10]**

## VRAAG 6: KRITIESE TAALBEWUSTHEID EN INTERPRETASIE VAN TEKSTE

Kyk na die strokiesprent hieronder en beantwoord die vrae.




[Uit: *Google Images*]

Kies die antwoord om by elke situasie te pas. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

6.1 Die onderwyser is kwaad en gebruik taalgebruik wat aandui dat hy kwaad is. Kies die sin wat die kwaai onderwyser sal gebruik omdat hy kwaad is dat Neelsie nie altyd sy werk doen nie.

A “Jou klein bliksem, hoekom is jy altyd vreklui.”
B “Ag, nee man, jy moet jou werk doen.”
C “Sal jy ooit leer om jou werk te doen.”
D “Dis nou die vyfde keer dat jy nie jou werk doen nie.” (1)

6.2 Neelsie vra die onderwyser om verskoning. Kies die sin wat Neelsie sal gebruik.

A “Ek kan sien jy is weer kwaad vir my.”
B “Ek is baie jammer, meneer, ek belowe om dit nooit weer te doen nie.”
C “Moenie skree nie, dit was nie my fout nie.”
D “Ek gaan meneer in die toekoms verbaas.” (1)

6.3 As die onderwyser sê alle seuns is vreklui, is dit ŉ voorbeeld van …

A rassisme.
B kindermishandeling.
C stereotipering.
D apartheid. (1)

6.4 Die kersie in raampie 3 dui aan dat …

A dit donker in die klas is.
B Neelsie swak oë het.
C Neelsie dom is.
D Neelsie tot baie laat in skool gaan wees. (1)

SIGNING OFF 14 JUNE 2012

6.5 Die onderwyser se wydoop oë en mond dui aan dat …

A hy bly is dat Neelsie na skool gaan inbly.
B hy vir Neelsie wil wys dat hy die baas in die klas is.
C hy smoorkwaad is.
D hy Neelsie bang wil maak. (1)

**[5]**

**TOTAAL AFDELING C: 60**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

***KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

Hierdie afdeling bestaan uit TWEE VRAE.

Beantwoord EEN van die TWEE vrae.

### VRAAG 7: *DIE OOREENKOMS* – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Die weke het stadig maande geword, die lewe in Rusoord ál lewe. Verveeld was hulle nooit; daar was baie om vir mekaar te vertel: Jakob van sy jare as "treindrywer", met die hoogtepunt in '47 toe hy gekies is as een van die Koningstrein se "drywers". Hierdie hoofstuk het hy dikwels herhaal. Willem se lewe had nie juis hoogtepunte nie, maar daar gebeur darem baie ou dingetjies in die loop van veertig jaar agter die toonbank van 'n landboukoöperasie. |

Kies die korrekte antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

7.1 Jakob en Willem was van die …. intrekkers by die nuwe Rusoord.

A laaste
B derde
C eerste
D tweede (1)

7.2 Rusoord was 'n …

A vakansie-oord.
B hotel.
C woonstelblok.
D ouetehuis. (1)

7.3 Jakob en Willem was …

A soos twee broers.
B twee broers.
C stiefbroers.
D aangenome broers. (1)

7.4 Hulle kamer is gemeubileer met …

A nuwe meubels wat hulle gekoop het.
B tweedehandse meubels van hulle kinders.
C meubels uit elkeen se verlede.
D meubels wat die Bestuur gegee het. (1)

SIGNING OFF 14 JUNE 2012

7.5 Waaroor het Jakob vir Willem vroeg gewaarsku?

A Willem moet nie elke nag snork nie.
B ŉ Ou vrou kan ŉ lawwe ding wees.
C Willem moet nie by hom geld leen nie.
D Hulle moet nie met die ander inwoners meng nie. (1)

7.6 Kies die sinsdele uit KOLOM B wat pas by KOLOM A. Skryf slegs die letter by die toepaslike nommer neer, bv. 7.6.1 C.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.6.1 | Matrone | **A** | Jakob se eerste vrou |
| 7.6.2 | Willem | **B** | Bang vir spoke. |
| 7.6.3 | Mart | **C** | Die tyding van Willem se dood gebring. |
| 7.6.4 | Christina | **D** | Jakob se tweede vrou. |
| 7.6.5 | Jakob | **E** | Oujongkêrel |

(5 x 1) (5)

Lees die onderstaande uittreksel deur en beantwoord die vrae wat volg.

> Hy sluit die deur en haal die bottel uit sy wegsteekplek. Dis vyfuur. As daar anderkant niks is nie, is al die ander dinge ook niks? Hy spoel die glas by die wasbak uit. As daar nie ŉ hel is nie, is daar ook nie ŉ hemel nie?
> “Here, ek kry die dink nie gekeer nie. Hoe harder ek keer, hoe harder kom dit. Dis die duiwel wat my versoek.”

7.7 Wat het Jakob en Willem elke aand stiptelik om halfses gedoen? (1)

7.8 Watter ooreenkoms het Jakob en Willem aangegaan? (1)

7.9 Hoe lank het Jakob en Willem in Rusoord gebly toe hulle die ooreenkoms aangegaan het? (1)

7.10 Wat het daartoe gelei dat hulle die ooreenkoms aangegaan het? (1)

7.11 Hoe lank na die ooreenkoms het Willem gesterf? (1)

7.12 Noem TWEE dinge wat Jakob gedoen het wat wys dat hy bang was. (2)

7.13 Noem TWEE maniere hoe Jakob probeer het om die bottel oop te maak. (2)

7.14 Dink jy dat daar lewe na die dood is? Motiveer jou antwoord. (1)
**[20]**

**OF**

**VRAAG 8: *DIE RAMP* – T.T. Cloete**

Lees die uittreksels hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Die kinders het baie gehuil, veral die twee kleinstes. Hulle het almal vas geglo dat hulle ma gaan sterf en hierdie terugreis per motor sonder haar die begin van ŉ groot komende ramp is. Ek het hard probeer troos en al reisend half ongeduldig gedink: Wat kan mens tog nie tref nie. |

8.1 Watter siekte het die verteller se vrou gehad? (1)

8.2 Hoekom moes sy per vliegtuig huis toe gaan? (1)

8.3 Waarom moes die verteller vinnig deur die nag ry? (1)

| |
|---|
| Daar is byna geen verkeer hierdie tyd van die nag nie, en die motors wat wel verbykom, hou nie vir my smekende gebare stil nie. In die newelagtige reën kan hulle my dalk nie behoorlik sien nie.<br>Later is ek papnat en koud. |

8.4 Aan watter slim plan het die verteller gedink om die aankomende motors te laat stilhou? (2)

8.5 Watter motor het stilgehou? (1)

8.6 Noem TWEE maniere hoe die weldoener die verteller gehelp het. (2)

8.7 Wat kon die verteller gedoen het om die weldoener later te vergoed? (1)

8.8 Dink jy dat dit die verteller se skuld was vir die ongeluk wat aan die eindeplaasgevind het? Motiveer jou antwoord. (1)

8.9 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die vraagnommer (8.9.1 – 8.9.5) en die woord neer.

| |
|---|
| bokkie; waaier; instrumentebord; enjin; verkoeler; battery |

ŉ Paar kilometer verder gaan die waarskuwende rooi liggie op die 8.9.1 skielik aan. Ek hou stil. Die 8.9.2 is gloeiend. Met die botsing teen die 8.9.3 het die 8.9.4 eenkant losgeruk en teen die 8.9.5 gestamp, wat dit op ŉ plek met ŉ kwartsirkel oop gekerf het. Al die water het intussen daar uitgelek.

(5 x 1) (5)

SIGNING OFF 14 JUNE 2012

8.10 Kies die pleknaam uit KOLOM B om die stelling in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte letter (A – E) neer, bv. 8.10.3 D. (5)

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 8.10.1 | Die kleinste het ŉ hoë koors ontwikkel. | A | Humansdorp |
| 8.10.2 | Die verteller-hulle was hier met vakansie. | B | Swellendam |
| 8.10.3 | Die lughawe was in hierdie stad. | C | Van Stadenspas |
| 8.10.4 | Die insleepmotor het hiervandaan gekom. | D | Houtbaai |
| 8.10.5 | Die motor het op sy dak gelê. | E | Port Elizabeth |

(5 x 1) (5)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 20**

**GROOTTOTAAL: 120**